



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 10

REKENINGKUNDE

MODELVR AESTEL

PUNTE: 300

TYD: 2 uur

133 0 A

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Jy word voorsien van 'n vraestel en antwoordeboek.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER verpligte vrae. Die verpligte vrae is VRAAG, 1, 2, 3 en 4. Beantwoord AL hierdie vrae.
3. Jy moet ook EEN ander vraag beantwoord; óf VRAAG 5 óf VRAAG 6.
4. Gebruik die antwoordeboek wat voorsien word, om die vrae te beantwoord.
5. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
6. Jy moet poog om by die voorgestelde tye te hou.
7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
8. Jy mag potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

VRAAG 1: 40 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomstegedek is:
Aantekens van inligting en interne beheer/kontrole	LU1 Finansiële inligting - AS2 Gebruik van brondokumente en grootboek LU3 Bestuur van hulpbronne - AS4 Grootboek vir deurlopende voorraadstelsel - AS6 Kennis van interne beheer/kontrole

VRAAG 2: 30 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomstegedek is:
Kostebegrippe	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS2 Identifiseer basiese kostebegrippe

VRAAG 3: 100 punte; 55 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomstegedek is:
Finansiële state en begrippe	LU1 Finansiële inligting - AS1 Verduidelik rekeningkundebegrippe - AS5 Stel finansiële state van alleenhandelaars op

VRAAG 4: 65 punte; 40 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomstegedek is:
Begrotingsbegrippe	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS3 Verduidelike basiese begrotingskonsepte LU3 Bestuur van hulpbronne - AS2 Salarisse & loneskale - AS5 Etiese kode

KIES ÓF VRAAG 5 ÓF VRAAG 6

VRAAG 5: 65 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomstegedek is:
Vertolking van finansiële state	LU1 Finansiële inligting - AS5 finansiële state van alleenhandelaars

VRAAG 6: 65 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomstegedek is:
Informele en formele rekeningkundige stelsels	LU1 Finansiële inligting - AS2 Gebruik van brondokumente & grootboek - AS5 Finansiële state van alleenhandelaars

VRAAG 1: AANTEKEN VAN INLIGTING EN INTERNE BEHEER/KONTROLE**1.1 BRONDOKUMENTE**

June Julies is die eienaar van 'n boekwinkel. Sy het 'n formele boekhoustelsel opgestel en sy het die volgende brondokumente in plek vir haar besigheid:

Fakture, Kredietnotas, Debietnotas, Tjeks, Depositostrokies, Kwitansies, Kontantstrokies/Kontantregisterrol, Kleinkasbewysse, Algemene Joernaal-bewyse

Omdat June nie Rekeningkunde op skool studeer het nie, weet sy nie waarom elke dokument nodig is nie.

GEVRA:

In die tabel wat voorsien word in die antwoordeboek, gee die naam van die dokument wat sal voldoen aan die doel soos verduidelik. Die eerste een is vir jou as 'n voorbeeld voltooi.

(15)

	Doel	Naam van dokument
Bv.	Hierdie dokument word gebruik om betalings wat uit kleinkas betaal word aan te teken	<i>Kleinkasbewys</i>
1.1.1	Hierdie dokument word gebruik om geld wat van 'n debiteur ontvang word vir 'n kontantverkope van handelsvoorraad aan hom, aan te teken	
1.1.2	Hierdie dokument word gebruik om 'n kredietverkope van 'n kliënt aan te teken	
1.1.3	Hierdie dokument word gebruik om geld in die bankrekening van die besigheid in te betaal	
1.1.4	Hierdie dokument word gebruik om 'n verskaffer te betaal vir 'n bedrag aan hom verskuldig, deur gebruik te maak van geld in die besigheid se bankrekening	
1.1.5	Hierdie dokument word gebruik om handelsvoorraad wat teruggestuur is deur 'n kredietkliënt aan te teken	
1.1.6	Hierdie dokument word van 'n krediteur ontvang vir goedere wat op krediet deur die besigheid gekoop is	
1.1.7	Hierdie dokument word gebruik om verskillende inskrywings in die Algemene Joernaal deur te stuur, bv. die afskryf van oninbare skulde	
1.1.8	Hierdie dokument word gebruik om goedere aan 'n krediteur terug te stuur.	

1.2 TRANSAKSIES VAN JULIES BOEKWINKEL

In haar besigheid gebruik June Julies die deurlopende voorraadstelsel en 'n winsopslag van 75% op kosprys. Jy word voorsien van vyf transaksies, sowel as vier opsies vir die inskrywings van elke transaksie. Kies die korrekte inskrywings deur 'n X in die geskikte blok in die antwoordeboek in te skryf.

GEVRA:

Beantwoord die volgende vrae deur die korrekte opsie te kies. (15)

TRANSAKSIES VAN JULIES BOEKWINKEL:

1.2.1 Julies Boekwinkel koop goedere op krediet van Yebo Publishers vir R12 000. Die inskrywings in die grootboek sal wees:

- (a) Debiteer Handelsvoorraad R12 000
Krediteer Krediteurekontrole R12 000
- (b) Debiteer Aankope R12 000
Krediteer Krediteurekontrole R12 000
- (c) Debiteer Krediteurekontrole R12 000
Krediteer Handelsvoorraad R12 000
- (d) Debiteer Handelsvoorraad R12 000
Krediteer Bank R12 000

1.2.2 Julie se Boekwinkel verkoop boeke vir kontant aan 'n kliënt, I Reid, vir R1 750. Die inskrywing in die grootboek sal wees:

- (a) Debiteer Debiteurekontrole R1 750; Krediteer Verkope R1 750
Debiteer Koste van Verkope R1 000; Krediteer Handelsvoorrad R1 750
- (b) Debiteer Debiteurekontrole R1 750; Krediteer Handelsvoorrad R1 750
Debiteer Koste van Verkope R1 000; Krediteer Verkope R1 000
- (c) Debiteer Bank R1 750; Krediteer Verkope R1 750
Debiteer Koste van Verkope R1 000; Krediteer Handelsvoorrad R1 000
- (d) Debiteer Bank R1 750; Krediteer Verkope R1 750

- 1.2.3 'n Kredietkliënt, B Booker, stuur boeke wat sy nie bestel het nie, terug. Die kosprys van die boeke was R200. Julies Boekwinkel reik 'n kredietnota uit vir die toepaslike verkoopbedrag. Die inskrywings in die grootboek sal wees:
- (a) Debiteer Debiteureafslag R350; Krediteer Bank R350
Debiteer Koste van Verkope R200; Krediteer Handelsvoor-
raad R200
 - (b) Debiteer Debiteurekontrole R350; Krediteer Debiteureafslag
R350
Debiteer Handelsvoorraad R200; Krediteer Koste van
Verkope R200
 - (c) Debiteer Verkope R350; Krediteer Debiteureafslag R350
Debiteer Koste van Verkope R200; Krediteer
Handelsvoorraad R200
 - (d) Debiteer Debiteureafslag R350; Krediteer Debiteurekontrole
R350
Debiteer Handelsvoorraad R200; Krediteer Koste van
Verkope R200
- 1.2.4 June Julies neem goedere vir haar persoonlike gebruik. Die ge-
merkte verkoopprijs van die boeke is R420. Die inskrywings in die
grootboek sal wees:
- (a) Debiteer Onttrekkings R420
Krediteer Handelsvoorraad R420
 - (b) Debiteer Onttrekkings R240
Krediteer Handelsvoorraad R240
 - (c) Debiteer Onttrekkings R315
Krediteer Handelsvoorraad R315
 - (d) Debiteer Handelsvoorraad R315
Krediteer Handelsvoorrad R315
- 1.2.5 Die fisiese voorraadopname openbaar boeke voorhande aan die
einde van die jaar met 'n kosprys van R110 000. Die
Handelsvoorraadrekening toon 'n saldo van R116 000. Die
inskrywings in die grootboek sal wees:
- (a) Debiteer Handelsvoorraad R6 000
Krediteer Eindvoorraad R420
 - (b) Debiteer Handelsvoorraad onttrekkings R6 000
Krediteer Handelsvoorraad R6 000
 - (c) Debiteer Handelsvoorraadtekort R6 000
Krediteer Handelsvoorraad R6 000
 - (d) Debiteer Handelsvoorraad R6 000
Krediteer Handelsvoorraadsurplus R6 000

1.3 INTERNE KONTROLE DEUR JULIES BOEKWINKEL

June Julies voel dat sy twee probleme in haar besigheid het. Dit is:

- Baie kliënte koop boeke op krediet, maar die verkoopassistent teken nie altyd die transaksies aan nie; en al is dit korrek aangeteken, is die kliënte baie stadig met die betaling daarvan. Dit beteken dat Julies Boekwinkel kontant kortkom omdat hulle die verskaffers moet betaal voordat die kliënte hulle rekeninge vereffen. Dit is vanselfsprekend nie ideaal nie.
- Voorraad raak weg uit die winkel. Sy vermoed dat óf die kliënte óf haar werkers die voorraad uit die winkel steel.

GEVRA:

Lys die hoofpunte wat June in haar besigheid moet toepas om:

1.3.1 Die probleem met debiteure op te los (DRIE punte)

1.3.2 Die voorraadprobleem op te los (TWEË punte)

(10)

40

VRAAG 2: KOSTEBEGRIPE

Mary Moyo is 'n student maar sy is ook baie goed met die bak van groot sjokoladekoeke. Sy het besluit om die koeke te begin bak om aan die publiek te verkoop.

In Januarie 2006 het haar moeder ingestem om die kombuis en toerusting aan haar te huur teen 'n vaste huur van R500 per maand. Mary moet al die addisionele koste van die maak van die koeke self betaal. Mary het besluit op 'n proef tydperk waar sy twee koeke per dag bak (slegs weksdae). Tot haar verbasing het sy gevind dat haar goeie naam versprei het en dat sy die koeke baie gou kon verkoop.

Sy het gevind dat sy haar voertuig meer gereeld moes gebruik om die koeke af te lewer, en haar selfoon om met kliënte te onderhandel. Sy het ook 'n deelydse assistent in diens geneem. In Januarie 2006 was haar resultate soos volg:

Koste om 40 koeke te produseer	TOTAAL	PER KOEK
Vaste koste	800,00	?
- Huur van kombuis en toerusting	500,00	?
- Loon aan assistent betaal	300,00	10,00
Veranderlike koste	1 360,00	?
- Bestanddele	600,00	?
- Elektrisiteit en water	160,00	4,00
- Verpakking van koeke	40,00	?
- Motorvoertuigafleweringkoste	440,00	11,00
- Telefoonoproepe	120,00	3,00
	R2 160,00	?

Sy het die 40 koeke vir R80 elk verkoop en so 'n klein wins gemaak. Sy wil egter hierdie winste verhoog deur haar produksie van koeke te verhoog.

GEVRA:

- 2.1 Bereken die wins wat Mary in Januarie 2006 gemaak het. (4)
- 2.2 Bereken die koste per koek wat in Januarie 2006 geproduseer is. (3)
- 2.3 Uit die koste hierbo, gee EEN voorbeeld van 'n direkte koste en EEN voorbeeld van 'n indirekte koste. (2)
- 2.4 Mary dink dat as sy haar produksie met 50% verhoog, dat haar winste ook met 50% sal vermeerder. Haar moeder sê dat haar winste ook met meer as 50% behoort te vermeerder. Wie is korrek? Verduidelik kortliks. (3)
- 2.5 Mary voel dat sy 80 koeke in Februarie kan maak en verkoop indien sy hard werk. Bereken die wins wat jy verwag sy in Februarie sal verdien. Let op dat die assistent se loon nie verhoog sal word nie. (10)
- 2.6 Mary het 'n aanbod ontvang om 'n koekstalletjie by die plaaslike skool se fondsinsamelingdag te hê. Sy sal R600 vir die stalletjie vir die dag moet betaal, en sy sal haar assistent 'n ekstra R400 vir oortyd moet betaal. Sy kan egter verwag om 'n ekstra 40 koeke by die fondsinsameling te verkoop. Na jou mening, sal dit vir Mary winsgewend wees om by hierdie fondsinsamelingdag betrokke te raak? Verduidelik kortliks deur geskikte syfers aan te haal. (8)

(8)

30

VRAAG 3: FINANSIËLE STATE EN BEGRIPPE

Peggy Perumal is die eienaar van 'n damesrokwinkel, Peggy's Fashions. Haar boekhouer het 'n Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005 opgestel, maar het nie sekere aansuiwerings in ag geneem nie.

GEVRA:

- 3.1 Korrigeer die Inkomstestaat om die korrekte wins of verlies vir die jaar te reflekteer. Korrigeer enige foute deur die oorspronklike syfers deur te trek en die korrekte syfers in te skryf. (25)
- 3.2 Stel 'n Balansstaat op 28 Februarie 2005 op. Daar word nie van jou verlang om enige notas tot die Balansstaat op te stel nie. Wys jou berekeninge tussen hakies sodat jy deelpunte vir jou aansuiwerings kan verdien. (50)
- 3.3 Beantwoord die vrae wat volg.

INLIGTING:**PEGGY PERUMAL DRYF HANDEL AS PEGGY'S FASHIONS
KONSEPINKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2005**

Verkope	600 000
Koste van verkope	(350 000)
Bruto wins	250 000
Plus: Ander bedryfsinkomste	17 000
Kommissie-inkomste	15 000
Korting ontvang	2 000
	267 000
Min: Bedryfsuitgawes	(160 000)
Salarisse en lone	80 000
Telefoon	5 000
Advertensies	4 000
Huuruitgawes	44 000
Motorvoertuiguitgawes	23 000
Skryfbehoeftes en drukwerk	1 000
Bankkoste	3 000
Bedryfswins	107 000
Plus: Rente-inkomste	2 000
	109 000
Min: Rente-uitgawe	(11 000)
Netto wins	98 000

Die volgende saldo's verskyn in die Balansstaatafdeling van die grootboek voor enige aansuiwerings:

	Debiet	Krediet
Kapitaal		300 000
Onttrekkings	44 000	
Voertuie	170 000	
Toerusting	29 000	
Vaste deposito – Nedbank	60 000	
Debiteurekontrole	24 000	
Krediteurekontrole		35 100
Handelsvoorraad	180 000	
Bank	26 000	
Kleinkas	1 000	
SA Inkomstediens (LBS)		900
Lening van Credfin (13% p.j.)		100 000

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

1. Peggy neem rokke uit die voorraad vir haar persoonlike gebruik teen kosprys, R4 200. Dit is nog nie aangeteken nie.
2. 'n Voorraadopname aan die einde van die jaar toon rokke ter waarde van R170 000 voorhande.
3. 'n Rekenaar is op 31 Desember 2004 vir R8 000 op krediet aangekoop. Dit is nog nie aangeteken nie. Die bedrag verskuldig sal in Maart 2005 betaal word.
4. Voorsien vir rente op die lening van Credfin verskuldig. Geen lening-terugbetalings is gemaak sedert die lening oorspronklik in 2003 ontvang is nie, maar R20 000 moet op 30 Junie 2005 terugbetaal word.
5. Die helfte van die vaste deposito verval in April 2005.
6. Die bankstaat vir Februarie reflekteer die volgende wat nog nie aangeteken is nie:
 - Diensfooie, R300
 - Rente op gunstige bankrekening, R60
7. Die huur vir Februarie 2005 is nog nie betaal nie. Maak voorsiening vir die bedrag wat verskuldig is.
8. 'n Debiteur, N Norris, kla dat sy te veel op haar laaste faktuur moes betaal. Peggy stem in dat haar rekening met R800 aangepas word, maar dit is nie aangeteken nie. Die koste van verkope is korrek aangeteken.
9. 'n Debiteur, F Frutt, is insolvent verklaar. Hy skuld R1 250. Sy insolvente boedel sal 60 sent in die rand betaal.

10. Kommissie van R1 500 is aan Peggy's Fashions vir die verkoop van mode-tydskrifte verskuldig. Dit sal in Maart 2005 ontvang word.
11. 'n Bedrag van R1 800 is aan die *Daily News* op 2 Januarie 2005 betaal. Dit is in die boeke aangeteken. Dit is egter vir drie identiese advertensies wat geskeduleer is om in die koerant te verskyn – een in Januarie, een in Februarie en een in Maart.

3.3 VRAE:

- 3.3.1 Nou jou mening, is dit nodig vir rekenmeesters om 'n stel reëls of beginsels te volg wanneer hulle finansiële state voorberei? Verduidelik kortliks. (5)
- 3.3.2 Verduidelik kortliks die Historiese Kostebeginsel en waarom dit nodig is om hierdie reël/beginsel te gebruik. (5)
- 3.3.3 Verduidelik kortliks die Paringsbeginsel en waarom dit nodig is om hierdie reël/beginsel te gebruik. (5)
- 3.3.4 Peggy verstaan nie haar Balansstaat nie. Beskryf kortliks wat bedoel word met:
- Bates
 - Laste
 - Eienaarsbelang
 - Bruto wins
 - Netto wins
- (10)

VRAAG 4: BEGROTINGSBEGRIPE

VV Tuindienste word deur Victor Venter besit. Hy het twee bestuurders in diens geneem om die besigheid vir hom te bestuur en 10 tuinwerkers om in die tuine te werk.

Hy verwag dat die besigheid in 2006 'n baie goeie jaar sal hê. Hy verwag dat die diensinkomste van die tuindienste met 40% sal verhoog. Omdat Victor Venter baie op die twee bestuurders steun om die 10 tuinwerkers te monitor en om die voertuie te bestuur, beplan hy om in 2006 die bestuurders se salarisse met 40% te verhoog. Hy het hiervoor begroot.

Jy word voorsien van die Kontantbegroting van die besigheid vir die jaar geëindig 31 Desember 2006 asook met die ooreenstemmende syfers vir 2005.

**VV TUINDIENSTE
KONTANTBEGROTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2006**

	WERKLIKE SYFERS VIR 2005	BEGROTE SYFERS VIR 2006
ONTVANGSTE		
Inkomste uit tuindienste	600 000	840 000
Verkoop van eiendom		120 000
Lening van FNB	100 000	
	700 000	960 000
BETALINGS		
Salaris van boekhouer/Ontvangsdame *	45 000	45 000
Salarisse van bestuurders *	150 000	210 000
Lone van tuinwerkers *	180 000	189 000
Advertensies	10 000	10 000
Huur van kantoor	42 000	42 000
Kantoortelefoon en elektrisiteit	12 000	13 000
Motorvoertuiguitgawes	50 000	70 000
Versekering	7 000	7 000
Toerusting aangekoop	63 000	20 000
Bankkoste	4 000	4 000
Onttrekkings deur V Venter	90 000	250 000
Leningterugbetaling		20 000
Rente op lening	16 000	12 800
Verbruikersvoorraad	30 000	60 500
	699 000	896 300
Kontantoverskoot (tekort) vir die jaar	1 000	6 700
Kontant in bank aan die begin van jaar	61 000	62 000
Kontant in bank aan einde van jaar	62 000	68 700

* Sluit werknemersvoordele in

VRAE:

4.1 Een van die bestuurders verstaan nie hoe Victor die begroting vir 2006 saamgestel het nie. Sommige van die uitgawes het aansienlik verhoog terwyl ander ongeveer dieselfde gebly het. Victor het probeer om aan hom te verduidelik dat sommige koste veranderlik is en ander weer vaste koste is. Skryf 'n verduidelikingsbrief aan die bestuurder sodat hy die begroting beter sal verstaan. Verskaf TWEE voorbeelde van vaste koste en TWEE voorbeelde van veranderlike koste uit die begroting om jou antwoord te illustreer. (8)

4.2 Victor kan nie verstaan waarom die tuinwerkers so ongelukkig is nie. Hulle dreig om te staak. Jy is van mening dat die voorgestelde begroting vir 2006 een van die vernaamste redes vir hul ongelukkigheid kan wees. Skryf 'n kort verslag vir Victor. Onderzoek die begroting en identifiseer en verduidelik die aangeleenthede wat die tuinwerkers ongelukkig kan maak. Gee Victor TWEE praktiese voorstelle om die probleem op te los. (15)

4.3 Oorweeg die banksaldo's aan die einde van 2005 en 2006. Na jou mening, is dit wys vir Victor om die bedrae in die bank te los? Gee EEN rede vir jou mening asook TWEE opsies vir die hantering van die kontant. (10)

4.4 Behalwe die salarisse en lone, identifiseer DRIE inskrywings in die kontantbegroting wat na jou mening verkeerd bereken kon gewees het. Verduidelik kortliks jou kommer oor elk van die inskrywings wat jy geïdentifiseer het. (10)

4.5 Een van die bestuurders, Peter Perkins, kla dat hy te min betaal word. Hy sê hy verdien 'n salaris van R6 000 per maand maar hy ontvang slegs R3 790. Hy is van mening dat 'n fout gemaak is. Sy salarisstrokie vir die vorige maand is soos volg:

Werknemer: P Perkins	Datum: Des 2005
Bruto salaris	R 6 000,00
LBS	- R 1 020,00
WVF (totale maandelikse bedrag R120,00)	- R 60,00
Mediese fonds (totale premie R1 500)	-R 500,00
Pensioenfonds (totale maandelikse bedrag R1 080)	- R450,00
Netto salaris	R 3 970,00

- Skryf 'n kort verduideliking aan Peter Perkins om hom te help verstaan dat geen fout begaan is nie.
- In werklikheid verdien Peter meer as R6 000 per maand. Hoeveel meer verdien hy as sy maandelikse salaris en waarom word hy so daardeur bevoordeel? (6)

4.6 Peter Perkins (sien VRAAG 4.5) is ongelukkig oor die groot bedrag aan belasting wat hy op sy salaris moet betaal. Hy wil hê Victor moet die R6 000 in kontant aan hom betaal en nie direk in sy bankrekening betaal nie. Hy sê dat dit hom meer gelukkig sal maak en dat hy harder sal werk. Indien jy Victor was, wat sou jy die werknemer antwoord? Verduidelik kortliks. (6)

**BEANTWOORD OF VRAAG 5 OF VRAAG 6;
MOENIE BEIDE VRAE DOEN NIE.**
VRAAG 5: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING

Jy is die rekenmeester van 'n besigheid, Betroubare Rekeningkundediens.

Benny Baqwa besit 'n aantal besighede waarvan een 'n apteek op die platteland is. Die besigheid, Benny se Apteek, verkoop medisyne aan die plaaslike gemeenskap. Sy naaste mededinger 80 km ver.

Benny verskaf aan jou die syfers van die laaste twee jaar. Hy wil weet of sy besigheid enige probleme in die toekoms te wagte kan wees. Jy moet kommentaar lewer oor die % opbrengs, likiditeit, winsopslag en die bedryfsdoeltreffendheid van die besigheid.

Benny is nie bekommerd dat sy besigheid besig is om 'n slegte naam te kry nie en dat die verkope besig is om te daal nie. Nietemin is hy bereid om enige raad van jou te aanvaar.

	2005	2004
Verkope	620 000	650 000
Koste van verkope	270 000	400 000
Bruto wins	350 000	250 000
Bedryfsuitgawes	110 000	130 000
Bedryfswinste	240 000	120 000
Rente-uitgawes	10 000	30 000
Netto wins	230 000	90 000
Eienaarsbelang	500 000	500 000
Nie-bedryfslaste	80 000	200 000
Bedryfsbates (insluitend handelsvoorraad)	70 000	60 000
Bedryfslaste	35 000	40 000
Handelsvoorraad	50 000	20 000

Hy het berekening vir sommige van die finansiële aanwysers gedoen.

		2005	2004
Bruto wins op verkope	4.1.1	?	38,5 %
Bruto wins op koste van verkope	4.1.2	?	62,5 %
Bedryfsuitgawes op verkope		17,7 %	20,0 %
Bedryfswins op verkope		38,7 %	18,5 %
Netto wins op verkope		37,0 %	13,8 %
Graad van solvensie/verdienste op ekwiteit	4.1.3	?	18,0 %
Bedryfskapitaalverhouding	4.1.4	?	1,5 : 1
Vuurproefverhouding	4.1.5	?	1 : 1

GEVRA:

- 5.1 Bereken die ontbrekende finansiële aanwysers (verhoudings/persentasies) vir 2005. Skryf jou berekeninge en antwoorde in die tabelle wat voorsien is. Berekening moet tot EEN desimale syfer gedoen word. (25)
- 5.2 Stel 'n brief op en rig dit aan Benny deur gebruik te maak van die formaat wat voorsien is. Maak seker dat jou kommentaar na die gepaste opskrifte verwys. Jy sal Benny beïndruk as jy die werklike verhoudings of persentasies wat hy of jy bereken het, gebruik om jou mening te ondersteun. (40)

65**OF****VRAAG 6: INFORMELE EN FORMELE REKENINGKUNDESTELSELS**

Oscar Moloï is 'n informele handelaar wat T-hemde verkoop. Hy gebruik 'n tafel op 'n straathoek in Durban as sy perseel. Hy het 'n goeie verskaffer gevind, Ulundi Hemde, wat hul T-hemde teen R22,00 elk geadverteer het. Oscar verkoop sy T-hemde aan sy klante teen kosprys plus 80%.

Oscar gebruik 'n informele boekhoustelsel en voorsien jou van die volgende inligting uit sy state aangesien hy wil hê jy moet hom inlig oor die stand van sy besigheid.

6.1 GEVRA:

Stel 'n Handelsvoorraad rekening op vir die maand Maart 2006. (20)

INLIGTING UIT OSCAR SE STATE:

- Oscar het 160 T-hemde voorhande gehad teen R3 520 op 1 Maart 2006.
- Gedurende Maart het hy 150 T-hemde op krediet by Ulundi Hemde gekoop.
- Oscar het 85 T-hemde vir R3 366 verkoop. 60 van die T-hemde is vir kontant verkoop en 25 is op krediet verkoop aan sy spesiale klante.
- Omdat 'n mededinger in die omgewing ook begin verkoop het, besluit Oscar om sy kontantklante 'n 25%-korting te gee. Hy het 40 T-hemde teen die afslagprys verkoop.
- Oscar het 3 T-hemde in Maart aan Phumela Hoër Skool gegee as deel van sy advertensieveldtog.
- Oscar het Sly in diens geneem om die tafel te beman die dag toe hy siek was. Hy het hom R80 vir die dag betaal.

- Oscar is bewus daarvan dat Sly verskeie T-hemde kon gesteel het, maar hy weet nie hoeveel nie. Sly het geen T-hemde verkoop nie en het nou verdwyn.
 - Aan die einde van die maand het Oscar 174 T-hemde voorhande gehad.
- 6.2 Verwys na die inligting en die Handelsvoorraadrekening in VRAAG 6.1. Oscar is onseker of hy te veel T-hemde in Maart gekoop het of nie.
- GEVRA:**
- 6.2.1 Wat is die gevare om te veel voorraad te bestel? Verskaf TWEE punte om jou antwoord te staaf. (4)
- 6.2.2 Na jou mening moet Oscar tevrede wees met die hoeveelheid voorraad voorhande op 31 Maart 2006? Verduidelik kortliks deur syfers uit VRAAG 6.1 aan te haal. (6)
- 6.3 Verwys na die inligting en die Handelsvoorraadrekening in VRAAG 6.1.
- GEVRA:**
- Bereken die netto wins wat Oscar gedurende Maart 2006 verdien het. (10)
- 6.4 Ulundi Hemde verkoop defektiewe (uitskot) hemde teen halfprys. Die hemde lyk soos die oorspronklike hemde maar na 'n paar keer se was verbleik die kleur ongelukkig. Oscar is van plan om 'n voorraad van die defektiewe hemde te koop en dit dan teen die normale verkoopprijs te verkoop om sy wins te verhoog.
- 6.4.1 Watter wins, (in rand), sal hy per hemp maak? (4)
- 6.4.2 Wat sal die %-winsopslag op hierdie hemde wees? (5)
- 6.4.3 Moet hy voortgaan met sy plan om die uitskothemde te koop en verkoop? Watter raad sal jy hom in die verband gee? (6)
- 6.5 Skryf 'n kort briefie aan Oscar om hom van raad te voorsien oor hoe hy sy besigheid moet bestuur om sy wins in die toekoms te verhoog. (10)

65

TOTAL: 300

**GRAAD 10
REKENINGKUNDE****MODELVRAESTEL**

SENTRUMNOMMER:	
-----------------------	--

EKSAMENNOMMER:	
-----------------------	--

ANTWOORDEBOEK

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 18 bladsye.

VRAAG	MAKS	DEELPUNTE	FINALE PUNTE
1	40		
2	30		
3	100		
4	65		
5 of 6	65		
	300		

VRAAG 1: AANTEKEN VAN INLIGTING EN INTERNE BEHEER/KONTROLE**1.1**

	Doel	Naam van dokument
Bv.	Hierdie dokument word gebruik om betalings wat uit kleinkas betaal word aan te teken	<i>Kleinkasbewys</i>
1.1.1	Hierdie dokument word gebruik om geld wat van 'n debiteur ontvang word vir 'n kontantverkope van handelsvoorraad aan hom, aan te teken	
1.1.2	Hierdie dokument word gebruik om 'n kredietverkope van 'n kliënt aan te teken	
1.1.3	Hierdie dokument word gebruik om geld in die bankrekening van die besigheid in te betaal	
1.1.4	Hierdie dokument word gebruik om 'n verskaffer te betaal vir 'n bedrag aan hom verskuldig, deur gebruik te maak van geld in die besigheid se bankrekening	
1.1.5	Hierdie dokument word gebruik om handelsvoorraad wat teruggestuur is deur 'n kredietkliënt aan te teken	
1.1.6	Hierdie dokument word van 'n krediteur ontvang vir goedere wat op krediet deur die besigheid gekoop is	
1.1.7	Hierdie dokument word gebruik om verskillende inskrywings in die Algemene Joernaal deur te stuur, bv. die afskryf van oninbare skulde	
1.1.8	Hierdie dokument word gebruik om goedere aan 'n krediteur terug te stuur.	

(15)

1.2

	(a)	(b)	(c)	(d)
1.2.1				
1.2.2				
1.2.3				
1.2.4				
1.2.5				

(15)

VRAAG 2: KOSTEBEGRIJPE

2.1	Bereken die wins wat Mary in Januarie 2006 gemaak het:	(4)
2.2	Bereken die koste per koek in Januarie 2006 geproduseer:	(3)
2.3	Voorbeeld van 'n direkte koste: Voorbeeld van 'n indirekte koste:	(2)
2.4	Wie is korrek? Verduideliking:	(3)

VRAAG 3: FINANSIËLE STATE EN BEGRIPPE**3.1 PEGGY PERUMAL DRYF HANDEL AS PEGGY'S FASHIONS
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2005**

Verkope	600 000
Koste van verkope	(350 000)
Bruto wins	
Plus: Ander bedryfsinkomste	
Kommissie-inkomste	15 000
Korting ontvang	2 000
Min: Bedryfsuitgawes	
Salarisse en lone	80 000
Telefoon	5 000
Advertensies	4 000
Huuruitgawe	44 000
Motorvoertuiguitgawes	23 000
Skryfbehoeftes en drukwerk	1 000
Bankkoste	3 000
Bedryfswins	
Plus: Rente-inkomste	2 000
	109 000
Min: Rente-uitgawe	
Netto wins	

(25)

3.2**PEGGY PERUMAL DRYF HANDEL AS PEGGY'S FASHIONS
BALANSSTAAT SOOS OP 28 FEBRUARIE 2005**

BATES	
Nie-bedryfsbates	
Vaste bates	
Finansiële bates	
Lopende bates	
TOTALE BATES	
EIENAARSBELANG EN LASTE	
Eienaarsbelang	
Nie-bedryfslaste	
Bedryfslaste	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	

(50)

3.3.1	Na jou mening, is dit nodig vir rekenmeesters om 'n stel reëls of beginsels te volg wanneer hulle finansiële state opstel? Verduidelik kortliks.	(5)
3.3.2	Verduidelik kortliks die Historiese Kostebeginsel en waarom dit nodig is om hierdie reël/beginsel te gebruik.	(5)
3.3.3	Verduidelik kortliks die Paringsbeginsel en waarom dit nodig is om hierdie reël/beginsel te gebruik.	(5)

3.3.4	Beskryf kortliks wat bedoel word met: - Bates: - Laste: - Eienaarsbelang: - Bruto wins: - Netto wins:	(10)
-------	--	------

Punte
100

VRAAG 4: BEGROTINGSBEGRIPE

4.1	<p>Kort verduideliking van die verskil tussen vaste koste en veranderlike koste:</p> <p>TWEE voorbeelde van vaste koste:</p> <p>TWEE voorbeelde van veranderlike koste:</p>	(8)
4.2	<p>Kort verslag aan Victor.</p> <p>Identifisering en verduideliking van aangeleenthede uit die begroting:</p> <p>TWEE praktiese aanbevelings om die problem op te los:</p>	(15)

4.3	<p>Mening oor die banksaldo:</p> <p>EEN rede vir jou mening:</p> <p>TWEE opsies vir die hantering van kontant:</p> 	(10)
4.4	<p>DRIE inskrywings in die kontantbegroting wat na jou mening verkeerd bereken kon word en verduidelik kortliks jou kommer oor elk van die inskrywings:</p> 	(10)

VRAAG 5: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING**5.1 BEREKENING VAN FINANSIËLE AANWYSERS**

	ANTWOORDE	VERGELYKING
	2005	2004
5.1.1 Bruto wins op verkope Berekening:		38,5 %
5.1.2 Bruto wins op koste van verkope Berekening:		62,5 %
Bedryfsuitgawes op verkope	17,7 %	20,0 %
Bedryfswins op verkope	38,7 %	18,5 %
Netto wins op verkope	37,0 %	13,8 %
5.1.3 Verdienste op ekwiteit Berekening:		18,0%
5.1.4 Bedryfskapitaalverhouding Berekening:		1,5 : 1
5.1.5 Vuurproefverhouding Berekening:		1 : 1

(25)

5.2

**BE TROU BAR E
REK ENIN GK UND EDIEN STE***Posbus 456, Newlands, 7800**Tel: 021 333 4678 Fak : 021 333 4679 E -pos: trusty@mweb.co.za*

30 Oktober 2005

Mnr. B Baqwa
Privaatsak 23
RIETVLEI
Wes-Kaap
7812

Beste mnr. Baqwa

OPMERKINGS OOR JOU FINANSIËLE RESULTATE

Soos gevra het ek die finansiële prestasie van jou besigheid nagegaan. Jou besigheid vaar goed in sekere afdelings, jy het byvoorbeeld geen solvensie probleem nie omdat die netto waarde van die besigheid R500 000 is.

Ek is egter bekommerd oor die wyse waarop jy jou besigheid bestuur. My positiewe en negatiewe opmerkings is soos volg:

Verdienste op ekwiteit

(7)

Likiditeit

(7)

Winsopslagpersentasies

(7)

Bedryfsdoeltreffendheid

(7)

Verhouding met gemeenskap – etiese oorwegings

(12)

Ek vertrou dat u my bevinding van waarde sal vind. Kontak my indien daar enige ander inligting is wat u verlang.

Best wense

Namens

Punte
65

6.3	Berekening van netto wins:	
		(10)

6.4.1	Wins op elke afgekeurde T-hemp:	
		(4)
6.4.2	Winsopslag op afgekeurde T-hemde:	
		(5)
6.4.3	Raad oor die beplande koop en verkoop van afgekeurde T-hemde:	
		(6)

